# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

God skep en bring orde in chaos – en jy?

Ds.: Ons hulp is in die Naam van die Here
wat hemel en aarde gemaak het –
wat trou bly tot in ewigheid
en nooit die werke van sy hande
laat vaar nie

Gemeente: Hy het lig gebring in die duisternis
en Hy roep ons en ons kinders
om in sy wêreld te leef,
Hom te verteenwoordig en
om na sy wêreld om te sien.


AFRICAN LENS

Ds.: Genade en vrede vir julle
van God ons Vader,
en van Jesus Christus ons Here
en van die Heilige Gees –


Gemeente: Dit is die Gees wat oor
ons en ons kinders waak,
ons roep en ons met
lig en lewe vul.
Amen

AFRICAN LENS


AFRICAN LENS


FLAM 30
U IS IN BEHEER,
WONDERBARE HEER;
U WAT STEEDS GETROU,
U SKEPPING ONDERHOU.
U IS IN BEHEER,
WONDERBARE HEER;
U WAT ALLES VORM TOT U EER!
AFRICAN LENS


DIE OGGENDSON VERTOON
U HEERLIKHEID –
DIE STERRE-IN-DIE AAND,
U MAJESTEIT.
AS EK OM MY KYK
KAN EK MEER VAN U BEGRYP
EN EK WEET OPNUUT
U IS ’N WERKLIKHEID.
AFRICAN LENS


U IS IN BEHEER,
WONDERBARE HEER;
U WAT STEEDS GETROU,
U SKEPPING ONDERHOU.
U IS IN BEHEER,
WONDERBARE HEER;
U WAT ALLES VORM TOT U EER!
AFRICAN LENS

NET U ALLEEN
LAAT VAL DIE VROEË REËN
EN U ALLEEN GEE LEWE
DEUR U SEUN.
AS EK OM MY KYK
KAN EK MEER VAN U BEGRYP
EN EK WEET OPNUUT
U IS ’N WERKLIKHEID.

U IS IN BEHEER,
WONDERBARE HEER;
U WAT STEEDS GETROU,
U SKEPPING ONDERHOU.
U IS IN BEHEER,
WONDERBARE HEER;
U WAT ALLES VORM TOT U EER!


Doop
Getty

# Lied 292: 1

**My enigste troos in lewe en dood**

**is dat ek aan Jesus Christus behoort.**

**Met sy kosbare bloed**

**het Hy my vrygekoop**

**dis my anker, my vaste hoop.**

Getty

# L 292:1 (vervolg)

**Ek behoort aan die Here.**


**Niks sal my ooit van Hom kan skei.**


**Met sy kosbare bloed**

**het Hy my vrygekoop**

**dis my anker, my vaste hoop.**

Getty


L 292:2
Die doop is die seël dat die Heilige Gees
my ‘n kind van God, die Vader laat wees.
Sy onfeilbare Woord is die
gids wat ons lei;
deur sy liefde bewaar Hy my.



# L 292:2 (vervolg)

**Ek behoort aan die Here.**

**Niks sal my ooit van Hom kan skei.**

**Sy onfeilbare Woord is die**

**gids wat ons lei;**

**deur sy liefde bewaar Hy my.**



Björn Potgieter




HJ Nortje


Genesis
1:1-2:3








**Genesis 1:1-2:3**

In die begin… het God die hemel en die aarde geskep.


*Dit het so gebeur…*

Daar is chaos…



…ek wens daar was orde!






# God skep en bring orde in chaos

**Genesis 1:1-2:3**

In die begin… het God die hemel en die aarde geskep





# Genesis 1:1-2:3: God skep en bring orde

- In die begin…

- Dis chaos vir God se volk!
- Ballingskap
- Hulle het alles verloor
- Hulle kan niks meer glo nie
- Hulle kan nie meer op God vertrou nie
- Hulle hoor die vreemdste verhale…

# Ou Nabye Oosterse perspektiewe op die skepping

## Ontstaan van die kosmos


***Enuma Elish* (Toe daarbo…)**

- **Tiamat** (soutwater/see/chaos) + **Apsu** (soetwater) gee geboorte aan die gode
- Die **gode irriteer Tiamat** en sy wil hulle uitwis
- **Marduk** veg namens die gode en **verslaan Tiamat**
- Van haar **een helfte** maak hy die **hemel** en van die ander die **aarde**

- **Uit haar kop** vorm hy die **berge** en **uit haar oë** die **riviere Tigris en Eufraat**
- Hy **maak 12 sterre** om drie-drie **die seisoene aan te dui**
- Hy **maak die maan om** twaalf **maande aan te d**ui en **die son** om **lig te gee**
- **Marduk neem klei en meng dit met Kingu (Tiamat se leeraanvoerder) se bloed en skep mense**
- **Hulle uitsluitlike doel om die gode te dien - hulle slawe te wees**


# Ons chaos lyk anders as die ballinge s'n

Daar is chaos...



Ons is slawe van ander "gode" in ons wêreld

# Ons moet Genesis 1:1-2:3 in hierdie konteks lees!



- In ’n chaotiese wêreld bied Genesis 1:1-2:3 ’n nuwe perspektief…
  - <u>Op God</u>
  - <u>Op myself</u>
  - <u>Ons wêreld</u>

# Genesis 1:1-2:3

| Inleiding (1:1-2): *God skep* | | | |
|---|---|---|---|
| **Skei en vorm ruimtes** | | **Vul die ruimtes** | |
| **Dag 1** (1:3-5) | *Lig en donker* | **Dag 4** (1:14-19) | *Ligte – onderskei lig & donker* |
| **Dag 2** (1: 6-8) | *Hemel en aarde*<br>*Waters bo en onder hemelkoepel* | **Dag 5** (1:20-23) | *Visse vir waters onder gewelf*<br>*Voëls in hemeluim* |
| **Dag 3** (1:9-13) | *Droë grond en plante (x2)* | **Dag 6** (1:24-31) | *Landdiere & die mens (x2)* |
| **Slot: Dag 7** (2:1-3): *God rus* | | | |

1In die begin het God die hemel en die aarde geskep. 2Die
aarde was woes en onbewoonbaar, en donkerte was oor die
**oerwater**. Maar God se teenwoordigheid het oor die **water**
gesweef.

# Genesis 1:1-2:3

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Inleiding** (1:1-2): ***God skep*** | | | |
| **Skei en vorm ruimtes** | | **Vul die ruimtes** | |
| **Dag 1** (1:3-5) | ***Lig en donker*** | **Dag 4** (1:14-19) | ***Ligte – onderskei lig & donker*** |
| **Dag 2** (1: 6-8) | ***Hemel en aarde Waters bo en onder hemelkoepel*** | **Dag 5** (1:20-23) | ***Visse vir waters onder gewelf Voëls in hemeluim*** |
| **Dag 3** (1:9-13) | ***Droë grond en plante (x2)*** | **Dag 6** (1:24-31) | ***Landdiere & die mens (x2)*** |
| **Slot: Dag 7** (2:1-3): ***God rus*** | | | |

3 Toe het God gesê: “Laat daar lig
wees!” En daar was lig. 4 God het
gesien dat die lig goed was. God
het toe die lig en die donker van
mekaar **geskei**. 5 God het die lig
“dag” genoem, en die donker
het Hy “nag” genoem. En dit
was aand en dit was oggend –
**dag een**.

14 Toe het God gesê: “Laat daar ligte wees aan die
hemelkoepel om skeiding te maak tussen dag en
nag. Hulle moet daar wees vir tekens en vir vaste
tye, en vir dae en jare. 15 Hulle moet daar wees as
ligte aan die hemelkoepel om lig te gee op die
aarde.” Dit het toe so gebeur. 16 God het twee
groot ligte gemaak, die **groot lig om te heers oor
die dag**, en die **klein lig om te heers oor die nag**,
en **ook die sterre.** 17 God het hulle aan die
hemelkoepel geplaas om op die aarde lig te gee,
18 om oor die dag en die nag te heers en om
skeiding te maak tussen die lig en die donker. God
het gesien dat dit goed is. 19 En dit was aand en dit
was oggend – ’n vierde dag.

# Genesis 1:1-2:3

| Inleiding (1:1-2): *God skep* | | | |
|---|---|---|---|
| Skei en vorm ruimtes | | Vul die ruimtes | |
| Dag 1 (1:3-5) | *Lig en donker* | Dag 4 (1:14-19) | *Ligte – onderskei lig & donker* |
| Dag 2 (1: 6-8) | *Hemel en aarde*<br>*Waters bo en onder hemelkoepel* | Dag 5 (1:20-23) | *Visse vir waters onder gewelf*<br>*Voëls in hemeluim* |
| Dag 3 (1:9-13) | *Droë grond en plante (x2)* | Dag 6 (1:24-31) | *Landdiere & die mens (x2)* |
| Slot: Dag 7 (2:1-3): *God rus* | | | |

| | |
|---|---|
| [6]Toe het God gesê: “Laat daar ’n **hemelkoepel** wees tussen die **waters**, en laat dit **skeiding** maak tussen **water** en **water**.” [7]God het die **hemelkoepel** gemaak en die **waters** onder die **hemelkoepel** **geskei** van die **waters** bo die **hemelkoepel**. Dit het toe so gebeur. [8]God het die **koepel** “**hemel**” genoem. En dit was aand en dit was oggend – **’n tweede dag**. | [20]Toe het God gesê: “Laat die **waters wemel met lewende wesens**, en laat **voëls** oor die aarde vlieg langs die hemelkoepel.” [21]God het volgens hulle aard die groot **seediere** geskep en al die lewende wesens wat rondbeweeg, waarvan die water wemel, en alle vlieënde voëls, volgens elkeen se aard. God het gesien dat dit goed is. [22]God het hulle geseën deur te sê: “Wees vrugbaar, word meer en vul die water in die seë, en laat die voëls meer word op die land.” [23]En dit was aand en dit was oggend – ’n vyfde dag. |

# Genesis 1:1-2:3

| Inleiding (1:1-2): *God skep* | | | |
|---|---|---|---|
| **Skei en vorm ruimtes** | | **Vul die ruimtes** | |
| **Dag 1** (1:3-5) | ***Lig en donker*** | **Dag 4** (1:14-19) | ***Ligte – onderskei lig & donker*** |
| **Dag 2** (1: 6-8) | ***Hemel en aarde<br>Waters bo en onder hemelkoepel*** | **Dag 5** (1:20-23) | ***Visse vir waters onder gewelf<br>Voëls in hemeluim*** |
| **Dag 3** (1:9-13) | ***Droë grond en plante (x2)*** | **Dag 6** (1:24-31) | ***Landdiere & die mens (x2)*** |
| **Slot: Dag 7** (2:1-3): ***God rus*** | | | |

[9]Toe het God gesê: "Laat die **waters** onder die
**hemel** op een plek bymekaarkom sodat die
**droë grond** sigbaar word." So het dit gebeur.
[10]God het die **droë grond** "**land**" genoem, en
die versamelplek van die **water** het Hy "**see**"
genoem. God het gesien dat dit goed is. [11]God
het gesê: "Die **land** moet groen plante laat
uitspruit – gewasse wat saad gee, bome wat op
die **land** vrugte dra, vrugte volgens elkeen se
aard, vrugte waarin hulle saad is." Dit het toe
so gebeur. [12]Die **land** het groen plante
voortgebring, gewasse wat saad gee volgens
elkeen se aard, en bome wat vrugte dra waarin
hulle saad is, volgens elkeen se aard. God het
gesien dat dit goed is. [13]En dit was aand en dit
was oggend – **'n derde dag**.

[24]Toe het God gesê: "Laat die **land** lewende wesens voortbring
volgens elkeen se aard: **mak diere, kruipende diere en wilde
diere** van die **land**, volgens elkeen se aard." Dit het toe so
gebeur. [25]God het die wilde diere van die **aarde** gemaak
volgens elkeen se aard, al die diere wat op die **grond** kruip
volgens elkeen se aard. God het gesien dat dit goed is. [26]Toe
het God gesê: "Laat Ons **mense** maak na ons beeld, as ons
afbeelding, sodat hulle kan heers oor die visse van die **see**, die
voëls van die **hemel**, die diere oor die hele **aarde**, en oor al die
kruipende diere wat op die **aarde** rondbeweeg." [27]God het die
**mens** geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom
geskep, manlik en vroulik het hy hulle geskep. [28]God het hulle
**geseën**; God het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, vermeerder,
vul die **aarde** en onderwerp dit. Heers oor die visse van die **see**,
die voëls van die **hemel** en al die diere wat op die **aarde**
rondbeweeg." [29]God het gesê: "Let op! Ek gee vir julle al die
gewasse wat saad dra, wat op die oppervlakte van die **aarde** is,
wat saad dra. Vir julle sal dit as voedsel dien. [30]En vir al die
diere van die **aarde** en vir al die voëls van die **hemel** en alles
wat rondbeweeg op die **aarde** waarin lewensasem is, gee Ek al
die groen gewasse as voedsel." Dit het toe so gebeur. [31]God het
na alles gekyk wat Hy gemaak het, en kyk, dit was baie goed.
En dit was aand en dit was oggend – **die sesde dag**.

# Genesis 1:1-2:3

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Inleiding** (1:1-2): ***God skep*** | | | |
| **Skei en vorm ruimtes** | | **Vul die ruimtes** | |
| **Dag 1** (1:3-5) | ***Lig en donker*** | **Dag 4** (1:14-19) | ***Ligte – onderskei lig & donker*** |
| **Dag 2** (1: 6-8) | ***Hemel en aarde***<br>***Waters bo en onder hemelkoepel*** | **Dag 5** (1:20-23) | ***Visse vir waters onder gewelf***<br>***Voëls in hemeluim*** |
| **Dag 3** (1:9-13) | ***Droë grond en plante (x2)*** | **Dag 6** (1:24-31) | ***Landdiere & die mens (x2)*** |
| **Slot: Dag 7** (2:1-3): ***God rus*** | | | |

2:1 So is die hemel en die aarde en alles wat daarby hoort,
voltooi. 2 God was op **die sewende dag** klaar met sy werk wat
Hy gedoen het; en Hy het **op die sewende dag** gerus van al sy
werk wat Hy gedoen het. 3 God het **die sewende dag** geseën**;**
Hy het dit heilig verklaar, want op **dié dag** het Hy gerus van al
sy werk – dit wat God geskep het deur dit te maak.

# Wat sê Genesis 1:1-2:3

- **Oor God?**
  - Skepper
  - Onderhouer
  - Hy skep orde
- **Oor my?**
  - Aard na God - beelddraer
  - Verteenwoordiger van God
  - Verantwoordelikheid (Ons moet heers – sy orde bring)

# Wat sê Genesis 1:1-2:3

- **Ons wêreld**


**Maar wat van die chaos in ons wêreld?**

**Daarvoor moet ons aanhou lees (Gen 2-3; Gen 4-11)**

**MAAR**

- **Die Sabbat herinner aan God se verlossing – nuwe begin**
- As verteenwoordigers is ons **aangestel om orde te bring**
- **As daar chaos is, is mense of agente van chaos of verteenwoordigers van orde!**
- **BRING JY ORDE?**

# Wie is jy?





Agent van chaos?



Verteenwoordiger van orde?

# God skep en bring orde in chaos – en jy?








**Genesis 1:1-2:3**

In die begin… het God die hemel n die aarde geskep

# God skep en bring orde in chaos – en jy?

# Gebed



# LB 464:1

O Heer my God,

as ek in eerbied wonder -

en al u werke elke dag aanskou:

die son en maan,

die aarde, sterre, wolke,

hoe U dit elke dag so onderhou...

AFRICAN LENS

# L 464:1 (vervolg)

*Dan moet ek juig,*

*my Redder en my God!*

*Hoe groot is U; hoe groot is U!*

*Want deur die hele skepping klink dit*

*saam: hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

L 464:2

Ek sien die veld -

die bosse, berge, vlaktes.

Ek hoor hoe fluister

grasse, stroom en wind.

O Heer, U sorg

vir klein, vir groot, vir alles

en U sorg dag na dag vir my, u kind.

# L 464:2 (vervolg)

***Dan moet ek juig,***


***my Redder en my God!***

***Hoe groot is U; hoe groot is U!***

***Want deur die hele skepping klink dit***

***saam: hoe heerlik, Heer, u grote Naam!***

AFRICAN LENS


God skep en bring orde in chaos – en jy?

Die Here seën en beskerm julle;
Die Here sal by julle teenwoordig wees
en julle genadig wees.
Die Here sal sy lewegewende lig oor
julle laat skyn en aan julle vrede gee

Gemeente: Amen